basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GESKIEDENIS V2

2015

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n 14 bladsy-addendum.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   AFDELING B: OPSTELVRAE

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gekry word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

VRAAG 1: HOE HET DIE IDEOLOGIE VAN SWART BEWUSSYN DIE STUDENTE VAN SOWETO BEÏNVLOED OM DIE APARTHEIDSREGERING IN DIE 1970's UIT TE DAAG?

Bestudeer Bron 1A, 1B en 1C en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die term *Swart Bewussyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Gee DRIE gevolge van die beleid van apartheid vir swart Suid-Afrikaanse studente. (3 x 1) (3)

1.1.3 Verduidelik in jou eie woorde wat Steve Biko geïmpliseer het met die stelling: 'om swart te wees [is] nie net 'n kwessie van pigment (velkleur) nie, maar die weerspieëling van 'n geestesingesteldheid.' (1 x 2) (2)

1.1.4 Lewer kommentaar op hoe Biko voorgestel het dat swart Suid-Afrikaners hulself moet bevry. (2 x 2) (4)

1.1.5 Wat was volgens die bron die hoofdoelwitte van die ideologie van Swart Bewussyn? (2 x 1) (2)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Noem TWEE maniere, soos in die bron voorgestel, waarop die filosofie van Swart Bewussyn die lewens van swart Suid-Afrikaners beïnvloed het. (Geskrewe bron) (2 x 1) (2)

1.2.2 Wat was Biko se siening oor die instel van Afrikaans as 'n onderrigtaal in swart Suid-Afrikaanse skole? (Geskrewe bron) (1 x 2) (2)

1.2.3 Waarom, volgens 'n student, is Afrikaans as 'n 'vreeslike akademiese pyn' beskou? (Geskrewe bron) (1 x 2) (2)

1.2.4 Lewer kommentaar oor of jy met Mono Badela se stelling dat 'studente Afrikaans as 'n middel van onderdrukking beskou' het, saamstem. (Geskrewe bron) (2 x 2) (4)

1.2.5 Waarom het die studente van Soweto met protesaksie begin? (Visuele bron) (1 x 2) (2)

1.2.6 Verduidelik hoe die bewyse in die geskrewe bron die visuele bron ondersteun rakende die reaksie van swart Suid-Afrikaanse studente op die instel van Afrikaans as 'n onderrigmedium. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Noem DRIE skole wat besluit het om aan die optog teen Afrikaans as onderrigmedium deel te neem. (3 x 1) (3)

1.3.2 Hoekom was beide ouers en onderwysers teen die gebruik van Afrikaans as 'n onderrigmedium by skole in Soweto gekant? (1 x 2) (2)

1.3.3 Definieer die konsep *boikot* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.3.4 Haal bewyse uit die bron aan wat suggereer dat die betoging 'n sukses was. (1 x 2) (2)

1.3.5 Lewer kommentaar op die doeltreffendheid van die slagspreuke wat tydens die optog deur die studente gebruik is. (2 x 2) (4)

1.4 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die ideologie van Swart Bewussyn die studente van Soweto beïnvloed het om die apartheidsregering in die 1970's uit te daag. (8)

[50]

VRAAG 2: WAS DIE AMNESTIEPROSES VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL OM SUID-AFRIKA SE VERDEELDE VERLEDE TE GENEES?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Noem enige TWEE doelwitte van die WVK. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom, volgens die bron, het die Waarheids-en-Versoenings-kommissie op ernstige menseregteskendings wat tussen 1960 en 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het, gefokus? (1 x 2) (2)

2.1.3 Waarom, dink jy, is 'apartheid' as 'n misdaad teen die mensdom beskou? (1 x 2) (2)

2.1.4 Definieer die konsep *amnestie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.5 Verduidelik tot watter mate hierdie bron bruikbaar sal wees vir 'n historikus wat die rol van die WVK bestudeer. (2 x 2) (4)

2.1.6 Noem die DRIE komitees wat die werk van die WVK gedoen het. (3 x 1) (3)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Beskryf in jou eie woorde hoe die amnestieproses gewerk het. (1 x 2) (2)

2.2.2 Hoe, volgens die bron, het die Amnestiekomitee die dood van die Swartbewussyn-leier, Steven Bantu Biko, hanteer? (1 x 2) (2)

2.2.3 Waarom, dink jy, wou dr. Wouter Basson nie voor die WVK verskyn nie? (1 x 2) (2)

2.2.4 Haal 'n bewys uit die bron aan wat suggereer dat die Amnestiekomitee probleme ondervind het terwyl hulle hulle werk gedoen het. (1 x 1) (1)

2.3 Kyk na Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik die uitbeelding van dr. Wouter Basson in die spotprent. (1 x 2) (2)

2.3.2 Lewer kommentaar op die betekenis van die woorde 'CHEMIESE PROSES VIR BESKERMING TEEN WVK: Waar moontlik, vermy <u>kontak</u> totdat WVK spontaan <u>ontbind</u>' in die konteks van die WVK se verhore. (2 x 2) (4)

2.4 Gebruik die bewyse in Bron 2B en 2C en verduidelik hoe hierdie bronne mekaar ondersteun rakende dr. Basson se houding teenoor die WVK. (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Definieer die konsep *versoening* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.5.2 Waarom, dink jy, het PW Botha en Mangosuthu Buthelezi geweier om voor die WVK te verskyn? (2 x 2) (4)

2.5.3 Verduidelik waarom Biko se familie teen die amnestieproses gekant was. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik of die amnestieproses van die WVK daarin geslaag het om Suid-Afrika se verdeelde verlede te genees. (8)

[50]

VRAAG 3: WAAROM HET SUID-AFRIKA 'N LID VAN DIE BRIC-GROEP GEWORD?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Noem enige TWEE lande wat deel van die BRIC-groep was. (2 x 1) (2)

3.1.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die strategie wat President Jacob Zuma gebruik het om Suid-Afrika se lidmaatskap van die BRIC-groep te verseker. (2 x 2) (4)

3.1.3 Definieer die term *opkomende ekonomieë* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.4 Waarom, dink jy, was die derde BRIC-beraad wat in China gehou is, belangrik vir Suid-Afrika? (1 x 2) (2)

3.1.5 Noem TWEE ekonomiese voordele wat Suid-Afrika gehoop het om te geniet indien sy 'n lid van die BRIC-groep sou word. (2 x 1) (2)

3.1.6 Verduidelik die bruikbaarheid van die inligting in die bron vir 'n historikus wat die stigting van die BRICS-groep navors. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Verduidelik wat die spotprenttekenaar jou oor Suid-Afrika se rol binne die BRICS-groep wil laat dink. (2 x 2) (4)

3.2.2 Lewer kommentaar op die woorde in die spotprent: 'Hy is mal oor sy hoofrol' binne die konteks van Suid-Afrika wat 'n lid van die BRIC-groep geword het. (2 x 2) (4)

3.3 Vergelyk Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe die inligting in beide bronne mekaar ondersteun rakende die stigting van die BRICS-groep. (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3C.

3.4.1 Verduidelik waarom O'Neill gekant was teen Suid-Afrika se lidmaatskap van die BRICS-groep. (2 x 2) (4)

3.4.2 Wat was die Internasionale Monetêre Fonds se siening oor Suid-Afrika se ekonomie in vergelyking met ander Afrika-lande? (1 x 2) (2)

3.4.3 Gee TWEE redes, volgens die inligting in die bron, waarom die Suid-Afrikaanse regering 'n negatiewe impak op die BRICS-groep gehad het. (2 x 1) (2)

3.5 Lees Bron 3D.

3.5.1 Hoe, volgens Nkoana-Mashabane, sou die BRICS-groep by Suid-Afrika se lidmaatskap baat? (2 x 1) (2)

3.5.2 Noem Suid-Afrika se grootste bilaterale handelsvennoot. (1 x 1) (1)

3.5.3 Gee DRIE redes waarom Suid-Afrika by die BRIC-groep aangesluit het. (3 x 1) (3)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die redes verduidelik waarom Suid-Afrika 'n lid van die BRIC-groep geword het. (8)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

PW Botha se beleid van 'Totale Aanslag' en 'Totale Strategie' het in die 1980's hewige interne weerstand ontlok.

Is dit 'n akkurate assessering? Ondersteun jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Verduidelik tot watter mate die leiers van verskillende politieke organisasies suksesvol was om die struikelblokke wat Suid-Afrika op die pad na demokrasie in die vroeë 1990's ondervind het, te oorkom.

Gebruik relevante voorbeelde om jou argument te ondersteun. **[50]**

VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

Die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989 was grootliks verantwoordelik vir die politieke veranderinge wat na 1989 in Suid-Afrika plaasgevind het.

Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord met relevante bewyse. **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou